

Begrip

Lees die leesstuk noukeurig deur en antwoord dan die vrae wat volg:

Die Ou Kat en die Jong Muis

J de la Fontaine

Eendag probeer 'n klein, jong muisie 'n ou kat ompraat om sy lewe te spaar. "Laat my asseblief lewe," sê die muis vir die kat. "Hoe kan 'n klein ou muisie soos ek jou huismense skade aandoen? Sal hulle van die honger doodgaan omdat ek hier bly? Een ou stukkie koring is meer as genoeg vir my. Selfs een grondboontjie is 'n feesmaal. Ek is te maer om vir jou 'n lekker ete te wees. Wag 'n rukkie en spaar my lewe sodat jou kleinkinders my kan eet. Teen daardie tyd sal ek groot en vet wees."

"Jou arme, dom muis," sê die ou kat. "Dink jy dit sal help? Dink jy 'n ou kat soos ek sal jou jammer kry? Nooit nie! Jy's my ete vir vanaand, so seker soos die son môre sal opkom. My kleinkinders sal ander muise vang om te eet."



1. Gebruik die word "maer" en "maar" in twee aparte sinne om die verskil in betekenis te wys.

2. Wat is die verskil tussen die woorde "meisie" en "muisie". Gebruik die twee woorde in twee aparte sinne om die verskil in betekenis te wys.

3. Hoe verskil die kat en die muis van mekaar?

4. Wat beteken die volgende spreekwoord (*saying*); "so seker soos die son môre sal opkom"?

5. Wie is jou "huismense"?

6. Hoekom het die muis gedink die ou kat sal hom jammer kry?

7. Hoekom dink jy wou die muis 'n bietjie langer leef?

8. Watter les het jy uit hierdie storie geleer?



MEMO:

1. Gebruik die word "maer" en "maar" in twee aparte sinne.

Ek is honger, **maar** wil nie eet nie. Sy is baie **maer**, omdat sy nie eet nie.

(enige twee sinne wat die betekenis uitlig)

2. Wat is die verskil tussen die woorde "meisie" en "muisie".

Gebruik die twee woorde in twee aparte sinne.

Die **meisie** met die groen rokkie, is baie mooi. Die klein **muisie** hou van kaas.

(enige twee sinne wat die betekenis uitlig)

3. Hoe verskil die kat en die muis van mekaar?

Die kat is oud, die muisie is klein en jonk.

4. Wat beteken die volgende spreekwoord; "so seker soos die son môre sal opkom"?

Daar is geen twyfel oor die saak nie. Net soos ons weet die son sal elke oggend opkom, so seker is die persoon van hierdie feit.

5. Wie is jou 'huismense'?

Jou huismense is jou familie of gesin - die mense wat saam met jou in die huis woon.

6. Hoekom het die muis gedink die ou kat sal hom jammer kry?

Die muisie het gehoop die ou kat sal hom jammer kry, omdat die muis nog klein is.

Die muis het gedink het die ou kat sal vriendelik wees.

7. Hoekom dink jy wou die muis 'n bietjie langer leef?

Die muis was nog baie jonk, en het sy hele lewe nog voor hom gehad. Net soos enige van ons ook langer wil leef.

8. Wat het jy uit hierdie storie geleer?

Byvoorbeeld: 'n Mens weet nooit hoe lank jy het om te leef nie, so 'n mens moet elke dag voluit leef.